

Ds. A. W. C. Bester
Warmbad
28 Januarie 1968

Onderwerp: Job

Lees: Job 38 verse 1 tot 34
Job 40 verse 1 tot 9
Job 42 verse 1 tot 6

Teks: Job 42 verse 1 tot 6

Sing: Psalm 23 vers 1
Gesang 65 verse 6 en 7

“Die groot slag is gelewer en Satan het verloor. Die teksgedeelte bring ons aan die einde van ’n lang, dramatiese worstelling waarby Satan, Job, sy vriende en die HERE God self betrokke was. En hierdie stryd het uitgeloop op die vernedering van Satan; die loutering van die geloofslewe van Job; en die volkome regverdiging van God ten opsigte van die probleem van lyding op aarde.

“As ons die teksgedeelte van nader beskou dan sien ons twee dinge: Job voor sy God in die stof; en God op die troon. Job is in die stof van vernedering en berou. Ons hoor Job hier belydenis doen soos nog nooit tevore nie. Hierna moet ons aandagtig luister. Dit is die belydenis wat by uitnemendheid in die mond van elke sondaar pas en wat feitlik die enigste is waarin die HERE God ’n welgevalle het.

“Met hierdie erkenning en belydenis plaas Job God sonder enige voorbehoud op die troon van sy hart. Hy doen dit ooreenkomstig die eis van die eerste gebod, naamlik om Hom van ganser harte lief te hê, te eer en te vrees; dat hy eerder van alle skepsele sal afsien en dié laat vaar, as dat hy in die allerminste teen God se wil sal handel.

““Ek weet dat U alles kan doen’ spreek Job. Ek weet HERE dat u arm sterk is. Ek weet dat U almagtig is en dat geen plan vir U onuitvoerbaar is nie. Ek weet HERE dat niks hoegenaamd vir u onmoontlik is nie. Ja, Job is ten volle oortuig van die vrymag en almag van sy God. Ook om hom in God se diens te gebruik soos dit Hom mag behaag. Daarom lê hy homself sonder enige voorbehoud in die hand van sy God.

“Broers en Susters, watter heerlike erkenning van die waarheid uit die mond van hierdie swaar beproefde man. Dit is tot eer van God en tot die vernedering van Satan.

“Daar was tye toe Job ook anders voor en oor God en God se bestuur van die wêreld gedink en gespreek het. Tye toe hy baie, baie opstandig was. Só opstanding dat hy selfs sy geboortedag vervloek het as ’n dag waaroor die son nooit moes geskyn het nie. Dae waarin hy in die teenwoordigheid van God ontterende dinge gespreek het. Maar nou het hy berou, hartgrondige berou dat hy ooit sulke uitlatings voor en oor sy God gedoen het. Hy betreur sy gesindheid in smart en openlike belydenis van sy sondeskuld: HERE God ek het U almag verontagsaam. Ek het U ondeurgrondelike raadsbesluite in my onkunde misken. Ek het oor U bestiering soos ’n verstandlose gespreek. Dit alles het ek in sondige onkunde gedoen. Elihu het my destyds daarteen gewaarsku: ‘Job spreek sonder kennis, en sy woorde is sonder verstand.’ (Job 34:35) Ek moes dit nooit gedoen het, om sulke onbegryplike dinge in my onkunde te spreek en te oordeel nie. Ek het van God en sy werke slegs hoorsê en tweedehandse kennis gehad. Nie die kennis wat ek nou met persoonlike ervaring opgedoen het nie. Job het sy God en HERE nou in die skool van lyding persoonlik leer ken. Ja, van aangesig tot aangesig het hy voor God gestaan.

Met baie vrae het God Job onderrig: ‘Waar was jy toe Ek die aarde gegrond het?’ (Job 38:4) ‘En wie het die see met deure afgesluit toe dit uitgebreek, uit die moederskoot voortgekom het?’ (Job 38:8) ‘Het jy, solank as jy lewe, die môre ontbied, die dageraad sy plek aangewys ...?’ (Job 38:12) ‘Het jy gekom by die skatkamers van die sneeu?’ (Job 38:22) ‘Wil jy werklik my reg verbreek, My veroordeel, dat jy gelyk kan hê?’ (Job 40:3)

“Hierdie vrae van God aan ’n opstandige Job was vir Job verpletterend - hy nietige mens, soos ons maar almal is. Geen wonder dat Job nou volkome bereid is om nie meer leermeester vir God te wees nie, maar ’n ootmoedige leerling.

“God het hom terdeë onderrig en dit het Job neergewerp en laat bely: ‘Daarom herroep ek en het berou in stof en as.’ (Job 42:6) Ek HERE, ek herroep my kritiek op U ondeurgrondelike almag.

“Job bevind hom nou weer op die ashoop van smart en smaadheid. Maar nou nie meer as ’n opstandeling

en beterweter nie, maar as 'n ootmoedige skuldbelyer en gewillige leerling van die Allerhoogste.

“En daar, Broers en Susters, het ons die eindresultaat van die groot worstelstryd van die man vir wie alles ook ten goede meegewerk het. Behoue, gelouter, geestelik verryk het hy uit die dramatiese worsteling te voorskyn gekom met God op die troon.

“Hier kan en moet u en ek uit die teks sonder twyfel baie lesse leer. Maar laat ons veral op een punt fokus, naamlik die opstandigheid van die hart.

“Broers en Susters, ons tyd staan dikwels in die teken van opstandigheid teen God. Opstandigheid van hart is die wese van alle sonde. Satan het as gevolg daarvan geval en sedertdien die saad van opstand en ongehoorsaamheid in die hart van die mens geplant.

“Oral waar hierdie gees van opstand voor God en teenoor Jesus Christus en sy Woord tot openbaring kom, daar kom ook die self, die vlees, die oue natuur na vore en laat hom geld. Dit beteken dan selfverheffing, verset, soms wel teen elke prys en ten slotte ook teenoor God. Maar dan, so leer die werklikheid ons, gaan dit gewoonlik van kwaad tot erger. Die opstand teen die Koningskap van Jesus Christus is die onsalige moeder van 'n legio probleme oor die wêreld en in ons eie hart en huis.

“Broers en Susters, hoe staan dit met ons? Is ons nie ook mense wat ontevrede is met God, met Sy bestiering van ons lewens en met ons lewenslot nie? Die opstandige mens, en dit geld selfs vir Christene, roep God en sy medemens so maklik tot verantwoording. Dit geskied in die reël met die vraag: Waarom HERE is en moet ek altyd siek wees en pyn verduur? Waarom die droogte? Waarom het U my dierbares van my weggeneem? Waarom leef daardie honderdjarige nog, terwyl U hierdie jong vader en broodwinner van sy huis weggeneem het?

“Moenie vergeet nie, in elke opstandige hart is daar 'n onsalige fontein waarin die waaroms nooit opdroog nie. Tot oormaat van die ellende kom daar gewoonlik nog iets by soos in die geval van Job, naamlik die sondige onkunde van die mens.

“Christene met slegs 'n tweedehandse kennis van die Bybel en van Jesus Christus neem voortdurend aanstoot aan Bybelse waarhede. Hulle erg hulle vir die langdurige droogte, plaë, siektes en rampe. Hulle leef in 'n voortdurende verset teen God se bestiering waarvan hulle, in hulle onkunde, weinig of niks weet nie, óf uit die Bybel wil leer nie.

“Daarom, Broers en Susters, is hoorsê kennis van God die HERE nie voldoende nie, selfs gevaarlik. Die dien van God moet ’n persoonlike saak wees en ’n eie belewenis. Dit is nie voldoende dat iemand anders uit die Bybel preek of voorlees nie. Nee, gaan in u binnekamer en buig daar ootmoedig neer voor die hoë God en Vader. Oefen verborge omgang met Hom deur die geloof in Jesus Christus. Leef Godsvrugtig.

“Soos elke mens elke dag moet eet om sy kragte te vernuwe, só moet elke ware Christen elke dag ook die geestelike voedsel persoonlik nuttig om eerstehandse kennis van God te verkry. Broers en Susters, dit sal die domastrandheid van die oue mens teenoor God, die Almagtige Skepper, laat verdwyn.

“Hoe meer ons God persoonlik in die Bybel leer ken, hoe meer sal ons Hom liefhê en ons kinderlik aan Hom en sy raadsbesluite onderwerp en sal ons net soos Job God op ons verlose hart laat troon. Dan kan ons met oorgawe bid:

“Leer my Heer, U regte weë
 “wys die regte pad my aan
 “maak my hart daartoe geneë
 “om met lus daarop te gaan
 “wil my deur U waarheid leer
 “lei my dwalende gedagtes
 “want U is my heil o Heer
 “U is ek altyd te wagte.

“Die ware kennis van God is lewe en vrede deur Jesus Christus. Dit bring ook selfkennis, selfverloëning, hartgrondige berou en selfvernederings mee. Dit laat geleidelik ook alle probleme, opstandigheid in die ligskittering van die hoë majesteit en heerlikheid van God verdwyn. Dit sal uiteindelik kinderlike berusting in ons hart en mond bring, sodat ons soos Job kan sê: ‘Die HERE het gegee, en die HERE het geneem: die Naam van die HERE sy geloofd!’ (Job 1:21)

“Amen.”

Kommentaar:

Die HERE kan ’n gelowige se lyding gebruik om ander tot bekering te bring. Job is só ’n voorbeeld. Sy lyding, wat vir die oppervlakkige waarnemer na ’n sinnelose kastyding kan lyk, het deur eeue en eeue heen ontelbare gelowiges in diepe beproewing onderskraag en nader aan God gebring.